

16.18 RAPPORT 13: DEPUTATE EKUMENISITEIT BUITELANDS – LESSENAAR AUSTRALASIË (Artt 59, 60, 67)

- A. Ds HS Coetzee lewer die Rapport.
- B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
- C. Die voorsitter, dr DG Breed, verwelkom br W Spijker van die CRCA.

D. RAPPORT

Deputate verantwoordelik vir die lessenaar: Ds ASA de Bruyn (s) en prof HG Stoker.

1. Christian Reformed Churches of Australia (CRCA)

Ekumeniese eenheid

Vir kennisname

1.1 *Opdrag*

- 1.1.1 Dat die GKSA se eenheid met die CRCA herbevestig en verder uitgebou word onder andere deur samewerking op verskeie terreine en die bywoning van en insette tydens Sinodes.
- 1.1.2 Dat ekumeniese bande met die GEKA bewerkstellig word, met die moontlikheid om te groei tot ekumeniese eenheid.
- 1.1.3 Dat moeite gedoen word om die kerke in Australië by te staan in die opvolg en moontlike inskakeling van oud Suid-Afrikaners – veral die van Gereformeerde Belydenis.

Besluit: Punte 1.1.1 tot 1.1.3 kennis geneem.

1.2 *Uitvoering van opdrag*

- 1.2.1 Prof HG Stoker woon die Sinode van die CRCA by van 6-11 Mei 2012 te Blacktown, Sydney en dra groete namens die GKSA oor.
- 1.2.2 'n Oorkoepelende indruk van die Sinode was die erns wat die CRCA maak om Skrifgetrou, Gereformeerde en Missionale kerk te wees en 'n groot deel van die agenda word spandeer aan hulle omkeerstrategie. Die belangrikheid van gesonde kerkwees ter wille van geestelike groei is beklemtoon. Daar is ook genoem van nuwe kerke wat geplant is of wat besig was om geplant te word.
- 1.2.3 Die Sinode van die CRCA besluit om nie deel te wees van die WCRC waarin die REC opgeneem is nie. Hulle doen aansoek om lid te word van die ICRC. Die Deputate ondersteun hulle aansoek en gee dit so deur aan die ICRC. Ongelukkig word die CRCA se aansoek nie goedgekeur nie.
- 1.2.4 Ds W Viljoen wat sedert 2001 as predikant dien in die CRCA, word in 2012 deur die GK Vaalpark beroep en daar bevestig.

Besluit: Punte 1.2.1 tot 1.2.4 kennis geneem.

Vir besluitneming

1.3 *Aanbevelings*

- 1.3.1 Dat met dankbaarheid kennis geneem word van die eenheid tussen die GKSA en die CRCA en die samewerking wat daaruit voortvloei.
- 1.3.2 Dat die eenheid tussen die GKSA en die CRCA herbevestig en uitgebou word.
- 1.3.3 Dat met hartseer kennis geneem word van die ICRC se besluit om die CRCA nie as lid toe te laat nie.
- 1.3.4 Dat moeite gedoen word om die kerke van die CRCA by te staan in die opvolg en moontlike inskakeling van oud Suid-Afrikaners – veral die van Gereformeerde Belydenis.

Besluit: Punte 1.3.1 tot 1.3.4 goedgekeur.

2. Presbyterian Church Australië (PCAus)

Ekumeniese eenheid

Vir kennisname

2.1 *Opdrag*

2.1.1 Dat die GKSA ekumeniese eenheid aan die PC Australië aanbied.

2.1.2 Dat moeite gedoen word om met die PC Australië saam te werk op verskeie terreine en die bywoning van en insette tydens Sinodes.

Besluit: Punte 2.1.1 en 2.1.2 kennis geneem.

2.2 *Uitvoering van opdrag*

2.2.1 Dr PJ Buys het die Algemene Vergadering van die PCAus van 8-12 September 2013 bygewoon en groete aan die vergadering oorgedra.

2.2.2 Die vergadering het met dankbaarheid kennis geneem van die 2012 besluit van die GKSA om volle ekumeniese eenheid met hulle aan te gaan.

2.2.3 'n Indruk van die vergadering is dat die PCAus erns maak met die gesag van die Skrif en getrouheid aan die belydenis. Die PCAus het 'n duidelike visie vir en belangstelling in evangelisasie, sending en kerkplanting in Australië en in ander lande, veral Malawi, Zambië, Kenia en Suid-Soedan. Die PCAus is ook betrokke in Timor, Sri Lanka, Bangladesj en plekke in Indië en Indonesië.

Besluit: Punte 2.2.1 tot 2.2.3 kennis geneem.

Vir besluitneming

2.3 *Aanbevelings*

2.3.1 Dat met dankbaarheid kennis geneem word van die eenheid tussen die GKSA en die PCAus.

2.3.2 Dat die samewerking tussen die GKSA en die PCAus uitgebou word.

2.3.3 Dat moeite gedoen word om die kerke van die PCAus by te staan in die opvolg en moontlike inskakeling van oud Suid-Afrikaners – veral die van Gereformeerde Belydenis.

Besluit: Punte 2.3.1 tot 2.3.3 goedgekeur.

3. Gereformeerde Evangeliese Kerk van Australië (GEKA)

Ekumeniese kontak

Vir kennisname

3.1 *Opdrag*

3.1.1 Dat ekumeniese bande met die GEKA bewerkstellig word, met die moontlikheid om te groei tot ekumeniese eenheid.

3.1.2 Dat moeite gedoen word om die kerke in Australië by te staan in die opvolg en moontlike inskakeling van oud Suid-Afrikaners – veral die van Gereformeerde Belydenis.

Besluit: Punte 3.1.1 en 3.1.2 kennis geneem.

3.2 *Uitvoering van opdrag*

Skakeling met die GEKA het slegs plaasgevind in die vorm van e-pos navraag en insette wat die Deputate daardeur gelewer het.

Besluit: Kennis geneem.

Vir besluitneming

3.3 *Aanbevelings*

3.3.1 Dat ekumeniese bande met die GEKA bewerkstellig word, met die moontlikheid om te groei tot ekumeniese eenheid.

3.3.2 Dat moeite gedoen word om die kerke van die GEKA by te staan in die opvolg en moontlike inskakeling van oud Suid-Afrikaners – veral die van Gereformeerde Belydenis.

Besluit: Punte 3.3.1 en 3.3.2 goedgekeur.

4. Nieu-Seeland

Oor die kerke in Nieu Seeland sal in die Aanvullende Rapport gerapporteer word.

Besluit: Kennis geneem.

E. AANVULLENDE RAPPORT

1. Reformed Churches of New Zealand (RCNZ)

Ekumeniese eenheid

Vir kennisname

1.1 *Opdrag*

- 1.1.1 Dat die GKSA kennis neem van die RCNZ se besorgdheid en waarskuwing oor die besluit van vroue in die diens van diaken.
- 1.1.2 Dat die RCNZ versoek word om aan te toon hoedat bogenoemde besluit van die GKSA in stryd met die Skrif en Belydenis is.
- 1.1.3 Dat kennis geneem word van die besluit van die RCNZ oor haar ekumeniese bande met die CRCA.
- 1.1.4 Dat die GKSA se eenheid met die RCNZ herbevestig en verder uitgebou word onder andere deur samewerking op verskeie terreine en die bywoning van en insette tydens Sinodes.
- 1.1.5 Dat moeite gedoen word om die kerke in NZ by te staan in die opvolg en moontlike inskakeling van oud Suid-Afrikaners – veral die van Gereformeerde belydenis.

Besluit: Punte 1.1.1 tot 1.1.5 kennis geneem.

1.2 *Uitvoering van opdrag*

- 1.2.1 Ds ASA de Bruyn woon die Sinode van die RCNZ van 13 tot 19 September 2014 te Bishopdale, Christchurch by en dra groete oor namens die GKSA. Die reiskoste vir die bywoon van die Sinode is gedra deur die Kommissie vir Buitelandse bediening.
- 1.2.2 Die hoeveelheid Suid-Afrikaners wat by die RCNZ gemeentes inskakel, is steeds opvallend.
- 1.2.3 Die Sinode neem die volgende besluite rakende die verhouding tussen die RCNZ en die GKSA:
 - To continue to express our deepest concern to the GKSA concerning its decision to allow women to be ordained as deacons (with emphasis on the matter of ordination)*
 - To express our concern to the GKSA at the way they dealt with the appeals surrounding the ordination of women at their 2012 Synod.*
 - To inform the GKSA that if they continue to ordain women as deacons this may lead to our relationship being put under strain.*
 - That Synod charge the IRC (interchurch relation committee) to respond to the request of the GKSA Synod 2012 to demonstrate to them where their decision to ordain women to the office of deacon is contrary to the Scripture and the Confessions.*

Besluit: Punte 1.2.1 tot 1.2.3 kennis geneem.

Vir besluitneming

1.3 *Aanbevelings*

- 1.3.1 Dat die Sinode kennis neem van die RCNZ se besorgdheid en waarskuwing rakende die besluit oor vroue in die diens van diaken en ook van hulle besorgdheid oor die manier waarop die Beswaarskrifte by die 2012 Sinode hanteer is.
- 1.3.2 Dat die antwoord van die RCNZ se IRC rakende die aangeleentheid afgewag word. (Die antwoord is intussen ontvang en word na die te benoeme Deputate verwys.)

- 1.3.3 Dat die eenheid tussen die GKSA en die RCNZ herbevestig word en verder uitgebou word onder andere deur samewerking op verskillende terreine en die bywoning van en insette tydens Sinodes.
- 1.3.4 Dat moeite gedoen word om die kerke in Nieu Seeland by te staan in die opvolg en moontlike inskakeling van oud lidmate.

Besluit: Punte 1.3.1 tot 1.3.4 goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handeling).